Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

**Gesels saam:**

- Wat is die coolste of interessantste manier waarop iemand hulle al aan jou voorgestel het?
- Dink aan 'n interessante manier waarop jy jou aan mense kan voorstel (byvoorbeeld deur te "rap"). Gee almal in die gesin kans om hulle voor te stel.

## WONDER

Julle gaan vandag 'n loflied lees wat aan die begin van die Johannesevangelie voorkom. In hierdie loflied gebruik die skrywer beelde en poëtiese taal om vir Jesus, die Hoofkarakter van sy verhaal, aan ons voor te stel.

Lees Johannes 1:1-18 saam.

Gesels saam:

- Watter drie beelde gebruik Johannes om na Jesus te verwys (v 1, 4-5)? Wat dink julle sê hierdie beelde vir ons van Jesus?
- Van watter beeld hou julle elkeen die meeste? Waarom?

## WEES

Soek saam na items in julle huis of tuin wat julle aan hierdie drie beelde (Woord, lewe en lig) laat dink ('n kers kan byvoorbeeld lig uitbeeld). Sit hierdie items vir die week op julle kombuis- of eetkamertafel om julle aan Johannes se voorstelling van Jesus te herinner.

## WEGSTUUR

Bid saam en sê dankie dat God vir Jesus aarde toe gestuur het sodat ons iets van God se genade en liefde kan verstaan en beleef.